

Saterdag 19 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 4

Fokusgedeelte: Openbaring 4:1

Ons moet ernstig kan onderskei tussen reg en verkeerd

Waar staan ons? Diegene onder ons wat werklik in die Here Jesus glo, het deur die Heilige Gees die vermoë om God lewend en kragtig te kan dien. Deur die kruis het ons die insig om te kan dink soos 'n tweesnydende swaard wat die sonde duidelik kan uitken en alle kante toe wegkerf uit my lewe.

Die Here Jesus het ons met sy versoening verander sodat ons met ons lewe kan deurdring tot die diepste dinge in ons siel en gees wat ons van God afskei. Daarom moet en kan ons in hierdie ware aanbidding lewe wat nie allerhande valse menslike waardes het waarmee sondes verskans word nie.

U moet een ding helder besef: Ons moet lewe met insig en onderskeidingsvermoë wat letterlik "gewrigte en murg van mekaar kan skei", want ons kan nie net sommer lewe soos ons wil nie. Ons moet beoordelaars wees van "die oorlegginge en gedagtes van die hart" (Heb. 4:12).

Die meeste van ons sal met ons geloof moet teruggaan tekentafel toe en van nuuts af gaan besin oor ons verhouding met God, soos baie van ons se deurleefde geloofslapheid (soos om nie die tweede erediens op God se dag by te woon nie; om te min te bid; om te lui te wees om huisgodsdienste te hou; nalaat om ons kinders in die verbond op te voed); ons valse waardesisteme wat ons vir onself aanlê om ons sondes ("ons eie behoeftes") te regverdig.

Ons hoef nie verloorders te wees nie. Ons kan wen. Maar dan moet ons God ken en aanbid vir Wie Hy werklik is. Luister na die bevel van u persoonlike Verlosser wat vir u sê: *Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly ... En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe* (Op. 3:11).

Sing: Psalm 86-1:5

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)